Vrydag 1 Mei
Skrifgedeelte: Johannes 1:1-18
Fokusgedeelte: Johannes 1:16-17
Christus is en gee oorvloedige genade!

Dit moet angswekkend wees om tot die dood dors te wees en by ’n kraan te staan wat toegesluit is. Die lewegewende water is hier by jou, maar jy kan nie toegang daartoe kry nie! So sou dit met ons in sonde-verlore-mense gewees het as God nie die volheid van sy genade in Christus vir ons oopgedraai het nie! God openbaar Hom met die wetgewing in Sinai aan Moses en die volk as “die barmhartige en genadige God, vol liefde en trou”. Hierdie troosryke kenmerke van God waarmee Hy in verhouding met sy kinders wil staan, bring Christus met sy menswording vir ons saam sodat ons dit kan sien (Kol. 2: 9)! Johannes sê in vers 14 dat Jesus onder ons kom woon het en dat ons die oorvloedige heerlikheid van God in Hom kan sien! Watter oorvloed van heerlikheid? Genade en waarheid!

Christus is God se oorvloed van reddende genade aan elke verlore mens. Hy kom om die wet van Moses vir ons te vervul en ons daarmee van die oordeel van die wet oor ons sonde te red! Nou kan ons God as barmhartige en liefdevolle God ken en die oorvloed daarvan geniet!

Die kraan van genade in en deur Christus is nie maar ’n druppende kraan wat die dorstige angstig laat wag op die volgende druppel nie, maar ’n oorvloedige stroom van genade! Letterlik staan daar “genade teen genade” in die sin daarvan dat die een die ander oorneem en voltooi! Dis soos ’n vol dam wat sy wal oorstroom!

Deur die geloof wat ek en jy van God ontvang het, deel ons vandag in hierdie oorvloed van genade! Dat ons in Christus gered is en as kinders van God die voluit van God mag ervaar. Het jy al die reaksie gesien wanneer ’n dorstige mens sy hande op lewegewende water kan lê? Met trane van dankbaarheid drink hy gulsig om sy dors te les! Dis asof hy net nie kan ophou nie! So kan ek en jy vandag in ons oorvloed van genade voor God leef!

*Sing: Psalm 42-1:1, 5*

*Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)*